



Samantha en die pienk  
vlieënde piering

[Type the document subtitle]

Ons sintuie:  
Luistervaardighede

## Samantha en die pienk vlieënde piering

Samantha staan by haar kamervenster. Sy hoor iets buite. Sy kyk weer. Daar op die gras staan iets wat soos 'n pienk piering lyk. Skielik gaan daar 'n deurtjie aan die kant van die piering oop.

'n Snaakse mannetjie klim uit. Dit lyk of hy 'n antenna op sy kop het. Hy waai vir haar. Sy maak die venster oop en klim uit. Die mannetjie wys vir haar om nader te kom. Hy lyk vriendelik. Hy het vier arms, twee bene en voete met twee groot tone elk. Die tone is bloed, bloedrooi. Samantha is baie nuuskierig.

Die ruimtemannetjie nooi Samantha om saam met hom deur die lug te ry. Die volgende oomblik vlieg hulle deur die ruimte. Dit voel wonderlik. Hulle sien die son, maan en sterre. Hulle sien ook planete. Samantha kan haar oë nie glo nie. Sy wou nog iets vra toe hoor sy die harde gelui van 'n wekker. Sy hoor haar ma sê, "Samantha, word wakker, hier is jou koffie". Dit was alles 'n droom.

Kies die regte antwoord.

1. Waar staan Samantha?

- a) by die voordeur
- b) by die kamervenster
- c) by die agterdeur

2. Soos wat het die ruimtetuig gelyk?

- a) 'n koppie
- b) 'n dier
- c) 'n piering

3. Wie het uit die ruimtetuig geklim?

- a) 'n seuntjie
- b) 'n snaakse mannetjie
- c) 'n groen mannetjie

4. Hoe het die mannetjie gelyk?

- a) vriendelik
- b) kwaad
- c) onvriendelik

5. Hoe het Samantha gevoel?

- a) bang
- b) nuuskierig

6. Wat het hulle in die ruimte gesien?

- a) die son
- b) die maan
- c) 'n hond

7. Wat het sy hoor lui?

- a) 'n klok
- b) 'n wekker
- c) 'n telefoon


8. Wie het haar geroep?

- a) haar boetie
- b) haar sussie
- c) haar ma

9. Was dit waar?

- a) Ja
- b) Nee
- c) Miskien

Teken die ruimtemannetje



Die mannetjie is vriendelik. Dit lyk asof daar 'n antenna op sy kop is. Hy het vier arms. Hy het twee bene en voete. Hy het aan elke voet twee bloedrooi tone.

## Sadie die olifant

Tussen die bosse van die Kruger-Wildtuin woon daar 'n reusedier. Sy woon saam met haar ouers en 'n hele klomp niggies en nefies. Dit is Sadie die baba olifant.

Eendag stap sy na die watergat en sien vir die eerste keer haar slurp in die water. Sjoe, ek het darem 'n snaakse neus! Nie een van die ander diere het so 'n snaakse neus nie. Hoekom moet myne nou juis so lyk? Dit is soos 'n tuinslang. Kyk, ek spuit my daarmee nat as dit warm is en ek kan daarmee ruik. Met my slurp drink ek tot 190 liter water 'n dag. My slurp is ook baie, baie sterk. Dit kan tussen 250 en 275kg optel.

.My slurp lyk glad nie soos apie s'n nie. Sy neus is kort en plat. Met my slurp pluk ek die sappigste blare van die hoogste takke af. Ek is 'n herbivoor, want ek eet blare, bas, grasse en vrugte. Apie swaai rats tussen die takke rond aan sy stert.

Sjoe, ek het darem twee groot oë! Foeitog, arme mol kan glad nie so goed sien met sy klein ogies nie. Hy is 'n regte ou blindemol, maar hy kan tonnells onder die grond stoot, al kan hy nie so goed sien nie. Sjoe, ek het darem snaakse tande! Ek het ses tande. Vier kiestande en twee snytande. My snytande word somer baie lank, tot 250cm. My tande is baie spesiaal. Dit is van ivoor. En het jy geweet dat ek nie bekommerd hoef te raak oor slegte tande nie, want sodra die kiestande afslyt, kry ek nuwes, tot drie keer in my lewe.

Weet jy dat 'n papegaai glad nie tande het nie? Sy het darem vlerke waarmee sy rond kan vlieg. Ai, ek wens darem ek kon ook vlieg. Sjoe, kyk net na my bene! Dit lyk amper soos vier boomstompe. Ek kan nogal vinnig daarmee hardloop as ek moet. As ek kwaad is, waai ek my twee groot flapore heen en weer en storm vorentoe teen 40km/h.

Selfs kameelperd met sy lang nek is dan skrikkerig vir my. Het jy al gesien hoe sukkel ou kameelperd wanneer hy water drink? Sy nek is baie langer as myne.

So, jy kan maar lekker lag as jy weer na my kyk. Ek is sowaar 'n snaakse dier, met 'n stertjie van agter en 'n stertjie van voor! Maar ek is Sadie die olifant, en ek is trots daarop!

### Rympie

Oom Olifant jou reusedier  
 Die mense lag vir hul plesier  
 Want waar het jy al ooit gehoor  
 Van 'n stertjie van agter  
 En 'n stertjie van voor.

### 'n Begripstoets

1. Waar woon Sadie die olifant?
2. Waar het sy vir die eerste keer haar slurp gesien?
3. Hoekom dink Sadie dat haar neus snaaks is?
4. Wat kan Sadie alles doen met haar slurp?
5. Met wie se oë vergelyk Sadie haar oë?
6. Wat is die verskil tussen Sadie se oë en die van die mol?
7. Hoeveel tande het Sadie?



8. Hoe lank word Sadie se snytande?
9. Hoekom is Sadie nie bekommerd oor slegte tande nie?
10. Hoe beskryf Sadie haar bene?
11. Wat doen Sadie met haar ore as sy kwaad is?
12. Wat dier is dan tot vir haar bang?
13. Wie se nek is baie langer as Sadie se nek?
14. Wat beteken dit as Sadie sê, sy is 'n herbivoor?
15. Leer nou die rympie oor: Oom olifant.

### Die storie van Louis Braille

Baie jare gelede het 'n seuntjie met die naam van Louis in Frankryk saam met sy ouers gewoon. Hy was baie nuuskierig en geïnteresseerd in alles wat rondom hom gebeur. Sy pa was 'n saalmaker van beroep en hy het vir ander mense saals vir hulle perde gemaak. Eendag het Louis sonder toestemming in sy pa se werkwinkel 'n stuk leer met sy pa se skerp mes probeer sny. Hy het nog nooit vantevore met die mes gewerk nie, die mes het geglip en een van sy oë raakgesny.

Binne drie dae was daar infeksie in altwee oë en gou daarna was hy blind in beide oë.

Louis was steeds baie geïnteresseerd in alles wat rondom hom aangaan, maar hy het agtergekom dat dit baie moeilik was om blind te wees. Hy moes na 'n spesiale skool vir blindes gaan waar hy dit baie moeilik gevind het om met hulle metodes te lees. Die letters was so half uitgeswel op die bladsy en hierdie metode was 'n baie stadige

manier van lees, en nog moeilik ook daarby. Louis was vasberade om 'n makliker manier te vind om te lees. Eendag het 'n weermagoffsier vir hulle by die skool kom toespreek oor metodes wat hulle volg om boodskappe in die nag te stuur. Louis het toe die idee gekry om 'n alfabet met 6 verhewe kolletjies te vorm. Hierdie skrif word Braille-skrif genoem wat 'n kode van kolletjies op papier is. Jy lees deur jou vingers oor die kolletjies te beweeg.

Louis het later 'n onderwyser aan die skool geword en het al die blinde leerders geleer om Braille te lees. Hierdie metode was 'n geweldige vooruitgang in die tegnologie, want vandag kan blinde mense baie meer lees as voorheen, dus kan hulle net soos gewone kinders leer.

### Kirstenbosch Botaniese Tuin in Kaapstad

- blindes kan die blare in die kruietuin tussen hulle vingers vryf om dit te ruik en die tekstuur te voel
- daar is 'n reling vir hulle om aan vas te hou terwyl hulle stap
- langs elke plant is 'n nota in Braille-skrif, sodat hulle kan lees watter plant dit is.

